

## Sondag 12 Maart

**Skrifgedeelte: 2 Korintiërs 1:12 – 2:4**

**Fokusgedeelte: 2 Korintiërs 1:22**

### **Die Heilige Gees as onderpand (*arrabon*) – waarborg teenoor die onbetroubaarheid van menslike woorde**

Baie keer bevraagteken ons ander se motiewe omdat ons weet dat daar vrae oor ons eie motiewe gevra kan word. Ons doen byvoorbeeld goed aan ander, maar wanneer ons onself eerlik ondersoek, kom ons agter dat selfs daardie goeie dade uit selfsugtige oorwegings ontstaan het. Ek het dit dan nie gedoen omdat ek die Here bo alles liefhet en my naaste soos myself nie, maar ek het dit gedoen sodat ek raakgesien kan word en eer ontvang vir wat ek gedoen het. Soos ons motiewe, is ook ons woorde nog vol gebreke, al is ons deur Jesus Christus verlos.

Paulus se reisplanne het verander en hy kon nie by die gelowiges in Korinte uitkom soos wat hy hom voorgeneem het en hulle hom verwag het nie. As gevolg van die veranderde reisplanne het daar vrae ontstaan oor die betroubaarheid van Paulus se woorde en sy apostoliese gesag.

In ons Skrifgedeelte verdedig Paulus sy apostoliese gesag en maak hy dit duidelik dat die verandering van sy reisplanne nie sy betroubaarheid as apostel in gedrang bring nie. Meer nog: Die veranderde reisplanne bring nie die betroubaarheid van die evangelie in gedrang nie.

Paulus wys die gelowiges op God se werk aan hulle en in hulle en hoedat God die apostels gebruik het as instrumente in sy hande. God het hulle almal as sy eiendom verseël en die Heilige Gees as waarborg of onderpand in hulle harte gegee. Net die feit dat hulle in Jesus Christus geglo het, was die bewys van die werk van God se Gees in hulle harte.

Ons gebrekkige motiewe, ons woorde vol gebreke, ons planne wat verander, bring nie God se betroubaarheid in gedrang nie. Dalk dink jy so, omdat mense jou teleurgestel het. Glo opnuut die betroubaarheid van God se werk, van sy Gees wat God solank as waarborg aan jou gegee het.

*Sing: Psalm 33:2, 5, 6 (1936)*

*Ds. ASA (Stefaans) de Bruyn (Wilropark)*